Geliefde Lourensrivierder

Hierdie week se Fokusteks het my oë weer wyd oopgemaak oor wie nou eintlik ons vyand is.....
Willem Botes som op:
Liefde is een van die "lekker" onderwerpe om oor te praat – ons wil graag hê dat mense ons moet liefhê. Ons dink gewoonlik met liefde aan ons familie, kinders en kleinkinders. Ons begeer dat mense in liefde na ons sal uitreik, dat mense dinge teenoor ons doen wat praat van liefde en waarin ons liefde kan beleef. Liefde is lekker..... veral wanneer dit na ons kant toe kom.
Tog, in Luk 6:27-38, praat Jesus egter van 'n "ander, moeilike" liefde – Hy praat daarvan dat ons ons vyande moet liefhê.

Henri Nouwen skryf oor hierdie term die volgende:
"Solank as wat daar *'n afstand tussen ons is* en ons nie in mekaar se oë kan kyk nie, ontstaan alle vorme van valse idees en beelde. Ons gee hulle name, maak grappe oor hulle, bedek hulle met ons vooroordele en vermy direkte kontak. Ons dink aan hulle as vyande. Ons vergeet dat hulle liefhet soos ons liefhet, dat hulle vir hulle kinders omgee soos ons vir ons s'n omgee, siek word en sterf – net soos ons. Ons vergeet dat hulle ons broers en susters is en behandel hulle as voorwerpe wat sommer net vernietig kan word."
Meer oor hierdie belangrike Fokusteks onderaan die Nuuskrummels.

NUUSKRUMMELS: 21 Februarie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

ONS NOOI ALMAL VRIENDELIK UIT♫

BELANGRIK

Ons benodig nog bidders wat 1 uur tydgleuwe kan neem om saam met die hele Helderberg te bid.
Kontak asb vir:

NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

TRI-LOGI TOERUSTING BIED AAN:
Padlangs Ouerskap Kursus
Ons nooi jou om in te skryf vir die Padlangs Ouerskap-kursus wat op die volgende 3 aande deur ds. Jan van Zyl aangebied word:
Datums: elke aand begin om 19h00-21h00 by die Lofsentrum in Gordonsbaai
26 Februarie
5 Maart
12 Maart

'n Nuwe tyd vra baie nuwe dinge, maar wat van OuErSkAp?

- Hoe hanteer jy selfoon en internet gebruik in 'n nuwe generasie?
- Hoe beskerm jy jou kinders teen al die invloede in 'n tyd waar hulle toegang tot alles het?
- Hoe gee jy nie net vir jou kinders goeie waardes nie, maar ook die vaardighede om die waardes toe te pas en uit te leef?

Hierdie kursus begelei ouers om deur deelnemende, positiewe ouerskap 'n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem, om keuses te maak, en so leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is 'n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.
Inhoud van kursus

Vaardighede en gereedskap wat deelnemers ontvang:

1. om die belangrikheid van kwaliteit-tyd te besef;
2. hoe om empaties te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;
3. positiewe geloofwaardige terugvoer;
4. nie-bedreigende kommunikasie;
5. ek-boodskappe;
6. dissipline en
7. hoe om 'n huisvergadering in te rig.

Die kursus het die potensiaal om jou te help om net een keer met jou kinders te praat, minder bakleiery te hê; beter kommunikasie te hê (ook met tieners) en ja, ook vir die huwelik te help! Meer as 1000 egpare is die afgelope 3 jaar deur die kursus, en die getuienis is oorweldigend.
Koste: Dra by soos jy gelei word. Die fondse gaan gebruik word om TRI-LOGI TOERUSTING se sprekers van elders se kostes te dek.
Inskrywings per epos na:
ngkgordonsbaai@absamail.co.za of skakel 021 8561654

Vriendelike groete
Jannie

Dr. Jannie le Roux
072 127 5043
jgleroux@isales.co.za
jannie@jannieleroux.co.za
www.jannieleroux.co.za

GriefShare
Grief recovery support groups

SINGLE& PARENTING

DIVORCE Care

DC4K
DivorceCare for Kids

Raak dood van 'n geliefde, egskeiding of enkelouerskap jou gesin?

Moenie hierdie pynlike pad alleen loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun. Vanaf Donderdag, 14 Februarie 2019 begin ons 13-weke program in DivorceCare, DivorceCare4Kids, Single&Parenting en GriefShare. Dit is internasionaal erkende en inter-kerklike programme gegrond op Bybelse waardes om julle gesin te help met veranderinge in die familie struktuur.
Die programme is oop vir enigeen in die Helderberg area.
VENUE: Helderberg NG Kerk, Firmountstr 82, Somerset Wes @ 17:30-20:00. Kontak ons by epos:harmonyhelderberg@gmail.com vir meer inligting.
Lees meer op http://www.churchinitiative.org.

Helderberg UITREIK

HARMONY
Relationships Restored & Reconnected

BERG-EN-SEEKLUB vir Senior Burgers

Byeenkoms: Donderdag 7 Maart

Tyd: 09h30
Plek: Moedergemeente Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat

Die skrywer, sakeman en avonturier Pienkes du Plessis praat oor sy ervaring van die El Caminostap, in Spanje.
Hy sal ook sy praatjie met foto's toelig.

Dr. Kobus Cilliers sal 'n humoristiese powerpoint aanbieding doen.

Koste: R15 - Besoekers
R10 - Lede

Almal welkom!

Kontak:
Trina van Schalkwyk
021 854 4662 of 084 774 3532

NUUSBROKKIES UIT DIE OMGEWING

photo courtesy rawpixel - unsplash

#WeAre
Fighting & Surviving

join us for a motivational morning
Constant will share his journey & battle with Hodgkins Lymphoma Cancer

Saturday 30 March 2019 10:00
LOURENS RIVER CHURCH • 55 JENNINGS STREET • STRAND
COFFEE & TEA WITH SNACKS WILL BE SERVED
R50 / TICKET • AVAILABLE FROM • MERCIA : 072 241 5325
• CONSTANT : 072 224 3267 • DAWN : 083 456 2779
NO TICKETS WILL BE AVAILABLE AT THE DOOR
FEEL FREE TO **SHARE** THIS INVITATION TO OUR FUNDRAISING EVENT

ACVV HUIS JAN SWART POTJIEKOS VERKOPE

Plek: Lourensrivierweg 120 Strand
Datum: 23 Februarie 2019
Vanaf: 12:00 - 17:00

Koste: R60-00
Sluit in: Potjie porsie, rys en malvapoeding & vla

Kaartjieverkope vanaf 11/02/2019 by Henriette/Anderesa by 021 854-3763.

Verskeidenheid potte om vanuit te kies!

Marius & Jackie Dippenaar maak musiek!

Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!
Besprekings moet afgehaal word teen 17:00.

HUIS PAM BRINK/ESPERANZA VERSORGINGSDIENS VIR BEJAARDES

Ons benodig ‘n Beheerraadslid met kennis van geboue en onderhoud aan geboue.

Hiermee versoek ons enige vrywillige persoon wat sou belangstel om op die Beheerraad van hierdie Badisa program te dien, om die voorgeskrewe Nominasievorm by mev Mulder van Huis Esperanza (Tel. 854 7393) te kom afhaal.

Ons benodig kundigheid op ons Eiendomskomitee.
Vorms kan enige tyd tussen 8:00 en 17:00 van Maandag tot Vrydag by Huis Esperanza afgehaal word.

Mev B Louw (Bestuurder)
021 854 4579
esperanza.admin@gmail.com

BUURTWAG NUUS:

Februarie Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.
Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word:
https://www.facebook.com/strandnw/

STRAND BUURTWAG is die “oë en ore van die Buurt”. ’n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak ’n verskil!

KNIEWERK

- Johan Strydom – kanker
- Innige meegevoel met De Villiers familie met die heengaan van Tannie Tollie
- Innige meegevoel met Kotie van Heerden en familie met die heengaan van sy dogter, Tania
- Innige meegevoel met Hannetjie Hugo en familie met die heengaan van haar man, Gielie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 24 FEBRUARIE SE BOODSKAP: LUKAS 6:27-38 (7DE WEEK NA EPIFANIE)

Die fokusteks is 'n voortsetting van Lukas se weergawe van die bergpredikasie. Dit handel veral oor die omgekeerde waardesisteem wat hoort by Jesus se volgelinge . . . liefde versus haat, seën in plaas van vloek.
Wanneer Jesus van liefde vir die vyand praat, liefde vir hulle wie anders is en optree as ons, dan praat Hy van ʼn doelbewuste keuse om lief te hê en nie te haat nie. Dis ʼn liefde wat selfs teen ons eie wil is, ʼn liefde wat nie uit eie keuse kom nie. As mens dink ons met ons hart: ek wil nie daardie mens liefhê nie, maar dan dring Jesus ons om buite en bo-oor ons eie begeertes en denke van liefde te gaan en te besluit en te kies om wel vir daardie persoon of groep mense lief te hê.

Ons vra: hoe moet ek liefhê? Die Skrifgedeelte gee ʼn duidelike antwoord in vs. 27 – 31:
Om lief te hê, beteken:
Om goed te doen aan ander,
Om ander te seën – goed te praat en vir hulle die beste te gun;
Om vir hulle te bid;
Om vir hulle dinge te gee uit liefde;
Om nie dinge te weier vir ander nie;
Om nie terug te eis nie;
Om ander goed te behandel.

Wie is daardie "ander mense" wie ons nie wil liefhê nie en wie Jesus sê dat ons moet liefhê? Dis hulle almal wie nie soos jy lyk nie, wie nie soos jy dink net, wie nie soos jy praat nie, wie nie soos jy optree nie en nie soos jy liefhet nie.
Waar leer ons van die liefde waarvan Jesus hier praat? Geen beter plek as by Jesus self nie. Jesus het nie slegs gepraat nie, Hy het hierdie liefde waarvan Hy gepraat het, self uitgeleef. Dink aan wat Jesus aan die kruis gedoen? Daar het Hy die hoogste vorm van liefde uitgeleef.

Kom ons doen ʼn toets van ons liefde: Hoe lief het jy vir God? Dink daaroor – hoe lief het jy vir God? As jy vir God liefhet met jou hele hart en siel en jou hele verstand, moet jy ander mense – al is hy jou vyand – net so liefhê. Dit is wat ons lees in 1 Joh. 4: 7 – 21
Liefde vir die vyand is ʼn bewys dat ons aan God behoort. Iemand het gesê: "Ek het God net so lief as wat ek die medemens liefhet, wat ek die minste liefhet."

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE